Ark Blitz

Wat beteken Bely?

Les 24 – 'n GROOT FOUT LANGS DIE PAD

Maats lees: Eks 24: 1-2,12-18 en 32: 1-20

Die Here het weer vir Moses teen Sinaiberg laat uitklim. Hierdie keer mag 'n paar ander mense saam met hom teen die berg uit geklim het, maar net tot by 'n sekere punt. Daarna het Moses en sy helper, Josua, alleen verder gegaan. Soos voorheen, het die teenwoordigheid van die Here weer sigbaar geword in die vorm van 'n wolk wat 6 dae lank oor die berg gehang het. Op die 7de dag het die Here met Moses uit die wolk gepraat. Skielik het dit gelyk of daar 'n gloeiende vuur op die berg was. Moses het 40 dae en nagte op die berg in die teenwoordigheid van die Here gebly. Daar het die Here die 10 Gebooie, wat Hy al vroeër al vir Moses gegee het, op 2 kliptafels neergeskryf. Hy het die kliptafels vir Moses gegee sodat hy dit weer vir die volk kon gee. Die Israeliete het gedink Moses bly te lank weg. Hulle maak toe 'n goue kalf wat hulle as god aanbid. Die Here het vir, Aaron, Moses se broer aangestel om vir Moses te help om die volk te lei. Maar Aaron het saam met die volk die kalf gemaak. Hoor net wat het die volk vir mekaar gesê: " Hier is die God wat jou uit Egipte bevry het, Israel!"(Eks 32:4). Aäron het self verder gegaan en 'n altaar vir die goue kalf gebou, sodat die volk offers daarvoor kon bring. Hy het gesê: " Môre is daar 'n fees vir die Here!" Hulle begin toe feesvier deur verskillende offers tot eer van die kalf op die altaar te verbrand. Daarmee saam het hulle 'n klomp verkeerde dinge gedoen. Binne 40 dae het hulle vergeet van die Here hulle God, van Moses wat op die berg in die Here se teenwoordigheid was, van die 10 gebooie wat die Here vroeër as lewensreëls vir hulle gegee het om hulle te help om Hom en ander mense lief te hê. Die Here was baie kwaad vir die volk. Hulle was aan Hom ongehoorsaam. Hulle het so gou die 1ste en 2de gebod oortree. Omdat hulle aan hierdie 2 gebooie ongehoorsaam was wou God hulle straf deur hulle dood te maak. Hy wou net Moses se lewe spaar. Moses het egter by die here gepleit om dit nie te doen nie. Moses het die Here her hinder aan die verbond wat Hy vroeër met Abraham, Isak en Jakob gesluit het. In die verbond het die Here belowe om die volk Israel se God te wees en dat Hy hulle altyd sou liefhê en vir hulle so sorg. Die Here besluit toe om die volk te spaar. Toe Moses van die berg af kom en sien hoe die volk om die goue kalf dans en sing. Het Moses so kwaad geword dat hy die 2 kliptafels stukkend gegooi het. Hy het die goue kalf verbrand en die oorblyfsels fyn gemaak. Al wat oorgebly het van die kalf was die fyn stof. Moses strooi toe die stof in die volk se drink water en gee dit vir hulle om te drink. Die volk moes die nietigheid van hulle afgod en die bitterheid van hulle ongehoorsaamheid proe.

Hoe sou jy opgetree het as jy Moses was?

Ons maak gereeld dieselfde foute as die volk Israel. Ons vergeet ook maklik en gou God se lewensreëls.

Bely beteken dat ons, ons foute erken en herken sodat God ons kan vergewe. Dankie JESUS!!!